DEEL 115 | WEEK 24 | 15 JUNIE | 2023 | R5
HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HER



# Misdaad neem steeds toe

'n Reeks voorvalle het weereens die gemeenskap van Heilbron en omgewing in vrees gedompel. Die jongste voorvalle sluit in brandstigting, inbrake, vergiftiging en 'n grumoord in die Lahlumlenze-area naby Phiritona, in die omgewing van die vliegveld.
Plaaslike inwoners is steeds geskok na 'n vlamme-toneel wat Maandagoggend omstreeks 01:15 afgespeel het. 'n Trok, wat gereeld langs die dorpsbiblioteek geparkeer staan, was reeds in ligte laaie toe owerhede op die toneel verskyn het. Die eienaar van die trok was uitstedig. 'n Inwoner het 'n oproep na die Beheerkamer gemaak om hulle is kennis te stel. 'n Poging was aangewend om die vlamme te blus, maar die vlamme het voortgewoed tot die voertuig ten einde vernietig is. Daar word beweer dat dit 'n geval van brandstigting kan wees, maar die polisie ondersoek nog die saak.
Verder was daar gedurende die week 'n poging tot inbraak in Greenmanstraat. Die inwoner het waarskuwingskote afgevuur waarna die ongewenste besoekers gevlug het. Daar is ook op 'n ander aand in Voortrekkerstraat by drie verskillende huise honde vergiftig.
Daarop was daar nòg 'n afskuwelike toneel verlede week in die Lahlumlenze-omgewing in Phiritona, wat inwoners in vrees laat leef. Keletse Phakoe, 'n 22-jarige jong man, is wreed vermoor. Hy is verskeie kere in die keel gesteek. Tot groot ontsteltenis is sy vriendin later dieselfde middag ook vermoor. Haar liggaam is by die laagwaterbrug gevind met 'n plastieksak om haar nek en wonde wat aandui dat sy met 'n bierbottel gesteek is. Die patologiese verslag dui aan dat die slagoffer ten einde dood is aan versmoring.
Daar heers 'n toestand van onrus en wantroue, want mense in Heilbron moet leef in 'n omgewing waar hulle onveilig voel en wantroue koester. In 'n poging om die vrede en veiligheid in die gebied te herstel, het die polisie reeds 'n verdagte in hegtenis geneem en voor die hof gebring in verband met die dubbelmoord. Die gemeenskap wag angstig op die uitkoms van die hofsaak.
Ondanks die vordering in die ondersoek na die dubbelmoord, is daar 'n verdere skokkende moord in die Phiritona omgewing gerapporteer. Daar is nog geen verdagtes in hegtenis geneem nie. Die gemeenskap leef in vrees terwyl hulle wag op die polisie se ondersoek en dat reg en geregtigheid sal geskied.









# Uit die pen: Week 24 van 2023



Ek vertel baie van my skoolhouloopbaan. Jy het verlede jaar en die jaar vantevore saam met my deur my loopbaan gereis. Interessant, avontuurlik en baie keer skreeusnaaks.

Ek het vertel dat ek nie van meet af 'n onderwyser wou word nie, dat ek eerder drama of teologie sou wou studeer, maar my ma het gesê ek moet iets ordentliks gaan leer. Toe skryf ek maar in vir B Sc en doen 'n onderwyskwalifikasie. Ek sou eerder eendag in 'n laboratorium wou gaan werk. Het ek gedink.

My gryse moeder (toe nog nie so grys nie) het in die middel van my eerste jaar die Departement van Onderwys (daardie jare was dit nog nie "basiese" onderwys nie) gebel en gevra hoekom ek nie 'n beurs kan kry nie? Teen daardie tyd het ek glad nie eers aansoek gedoen om 'n beurs nie. Omdat skoolhou nie op my radar was nie.

In die middel van die gesprek kondig sy aan dat die hogere amptenaar van die Departement moet aanhou, want haar kos brand. Sy het doodluiters die kos van die stoofplaat afgehaal en verder met die meneer gepraat. Ek het toe 'n onderwysbeurs gekry, waarvoor ek nie aansoek gedoen het nie. Wat my toe uiteindelik genoop het om 'n onderwyskwalifikasie te kry.

Ten spyte daarvan dat dit nie is wat ek van meet af wou doen nie, het ek later soort van daar in gegroei. Dit het lekkerder geword, en die volgende pos wat ek nà die skoolhou beklee het, was ook lekker. Dit was iets wat ek graag wou doen, alhoewel dit 'n wrede ontnugtering was. Want hoe doen jy iets wat jy so graag wou doen sonder enige hulpmiddele? Gelukkig het ek darem 'n brein gehad. Wat af en toe fenomenaal gewerk het. En wat ek gelukkig nie moes inhandig toe ek daar weg is nie.

Ek het nie dadelik 'n werk begin doen wat vir my lekker was nie. Maar namate ek my voete gevind het, het dit lekkerder geword.

Ek het 'n ongelooflike bekwame administratiewe assistent. Dit is glad nie wat hy in die lewe wil doen nie. Hy wou geografie studeer en in GIS spesialiseer. Dit het egter nie uitgewerk nie, en hy het ad hoc werk by ons kom doen. Vir jare. Hy is verlede jaar amptelik aangestel met 'n vaste salaris.

Ek weet dat dit nie is wat hy wil doen nie, maar hy doen dit nogtans tot die beste van sy vermoë.

Hy kan my soms so irriteer, want hy is so vinnig, so bekwaam en dink soms aan dinge wat ek nie eers kan onthou nie. Ek gee soms vir hom iets om te doen bloot net omdat ek nie daarby kan uitkom nie. Met die hoop dat hy my so paar uur of 'n dag gaan gee sodat ek eers my werk kan klaarmaak.

Binne 'n ommesientjie is hy kant en klaar en kan hy vir my terugvoer gee. Netjies uiteengesit, nes ek dit verkies. Terwyl ek nog besig is om deur my werk te suffer. Skitterende jong man. Eendag, dit weet ek, gaan hy nog sy droomwerk kry. En ek sal vir hom 'n pragtige getuigskrif gee.

Onlangs praat ek met Stefan. Hy is ses jaar van aftrede. En hy haat elke oomblik by sy huidige werk. Ek ken hom vanaf studentedae. Ek weet van twee poste wat hy beklee het. Die laaste een is die langste een. Die slegste een.

"Hoekom bly jy 'n werk doen wat jy haat?"

"Want ek het 'n gesin om voor te sorg."

Merkwaardige antwoord. Maar hoe op aarde bly jy daar?

Ons was almal al iewers waar ons 'n werk met 'n passie gehaat het. Nie vir baie lank nie, want jy het maar iewers voelers uitgesteek vir iets, aansoek gedoen en gehoop en gebid vir die beste.

Meestal gebid vir die beste.

Kom ons doen gou 'n paar somme. Jou werksweek is ongeveer 40 uur, en dit mag 45 uur wees, volgens wetgewing. Vir vandag hou ons by 40 uur per week. Daar is ongeveer 21 werksdae per maand en 12 maande per jaar. Jy is, as alles goed en volgens plan verloop, 10 080 uur per jaar by jou werksplek.

As jy op 23 begin werk het, en op 65 aftree (as jy nie voor die tyd jou kosblik by Petrus moet ingee nie), werk jy 42 jaar. In totaal 453 360 uur wat jy by jou werksplek moes spandeer.

Is dit dan nie dalk die moeite werd om 'n werk te soek waarin jy gelukkig sou wees nie? Dit hoef nie die een te wees in die hoekkantoor van 'n groot gebou nie. Jy hoef nie die besturende direkteur te wees of die hoof finansiële beampte nie. Jy hoef ook nie noodwendig 'n emmer vol geld te verdien nie, alhoewel dit nie te versmaai is nie.

Enige werk. Ek sien baie kassiere wat hulle werk geniet en geselsies met die kliënte aanknoop, sommige van hulle by die naam ken. Jy kan selfs elke dag asblikke leegmaak, maak dit glad nie saak nie. Solank jy geniet wat jy doen.

Vandag se les is om gelukkig te wees in jou werk.

As jy nie is nie, moenie net die werk los en by die huis gaan sit en tande tel nie. Kyk uit vir iets anders, en tot dan toe: werk so hard as wat jy kan, gee jou beste.

Iewers is iemand wat jou gaan raaksien.

Soos wat iemand my administratiewe assistent gaan raaksien en vir hom 'n werk gaan gee waarop hy verlief sal raak.

Ek waardeer alles wat hy vir my doen, maar ek gun hom ook om gelukkig te wees in sy werk.

Wees jy ook gelukkig.





VAKATURE VIR VLOOTBEHEERDER

INLEIDING:
• Ervaring as 'n kontroleerder sal 'n bonus wees.
• Buigsaamheid om ongewone ure en naweke te werk.
• Uitstekende kliëntediens.
• Uitstekende tydbestuurvaardighede.
• Sterk interpersoonlike kommunikasievaardighede met bestuurders.

PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE:
• Om alle dokumente vereistes te bevestig, voor oplaai van alle bevestigde vragte om te verseker dat daar geen onnodige vertragings is nie.
• Stel kliënte en bestuurders onmiddellik in kennis van ontbrekende/onvolledige vereistes voor toewysing van voertuie en oplossings bied.
• Om vragmotors te verkry en te allokeer, volgens die kliënt se vereistes.
• Besprekings, voor laai en regstellings. Om 'n toepaslike voertuig te verskaf, vir bevestigde bestellings.
• Om te verseker dat alle bespreekte voertuie aan statutêre vereistes en kliënte se verwagtinge voldoen en bestuurders word korrekte opdragte gegee om suksesvolle, doeltreffende aflewerings uit te voer.
• Voertuig opspoor vaardighede.
• Brandstof bestuur bedrywighede.
• Aanmelding van vragmotors (oplaai / aflaai).
• Rapporteer indien daar enige probleme is, geen oplaai of aflaai sonder verduideliking.
• Vlootbestuur en terugvoer aan die operasionele bestuurder.

VEREISTE ERVARING EN KWALIFIKASIES:
• Graad 12.
• Minimum 2 jaar ervaring as Logistieke Kontroleerder.
• Tegniese vaardighede.
• Data vaslegging.
• Goeie organisasie- en beplanningsvaardighede en in staat om onder druk te werk.
• Besluitnemingsvaardighede.
• Begrip van logistieke besigheidsprosedures.
• Rekenaargeletterdheid (MS Word, Excel, Outlook).
• Daaglikse opsporingstelsels.
• Spanspeler (Baie belangrik).
• Uitstekende telefoniese etiket en kommunikasievaardighede. (spesifiek verwant aan bestuurders en kliënte)

KENMERKE:
• Uitstekende probleemoplossingsvaardighede.
• Goeie skryf- en kommunikasievaardighede.


SALARIS:
• Markverwant / Afhangende van ervaring / 13de tjek.

AANSOEKE SLUIT 30 JUNIE 2023

Stuur asseblief CV's aan leonard@ltboerdery.co.za


# What is Child abuse?

■ HEILBRON CLINIC





POSTNET HEILBRON


BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30

**Saterdae:** 09:00 -12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

# INSPIRASIE RESEPTE




***Father's Day lunch is sorted!***

As Father's Day approaches, nothing celebrates your Dad/Husband more than a delicious T-bone steak. With a bit of planning, you can take this old classic dish and present it with a modern twist.

This recipe is one of my favourites to prepare on a Sunday lunch with family and friends. My recommendation is to serve this dish with a well-aged Pinotage. It is one of my most memorable pairings!

T-Bone steak flame grilled and sliced, soy mayonnaise, toasted sesame, chives

**For the T-Bone steak**
1 x thick cut t–bone steak at room temperature
1 clove garlic, finely chopped
2tbs dark soy sauce
2tbs olive oil
Salt and pepper to taste

**Method**
Mix the olive oil, soy sauce and garlic
Rub the T-Bone steak with the seasoning and set aside for at least 1 hour before grilling

**For the Mayonnaise**
2 egg yolks
1tbs white or red wine vinegar
1tbs Dijon mustard
1tbs dark soy sauce
1 pinch of fine white pepper
1cup canola oil
1tbs warm water

**Method**
In a small food processor, add the egg yolks, vinegar, mustard, soy sauce and white pepper

Process for about 30 seconds until all is well combined

While blending, slowly add the oil to the processor

Make sure to add in a thin stream to avoid the mayonnaise from splitting

Once all the oil is incorporated, add the water while mixing to make your mayonnaise pale and creamy

Refrigerate for 30 minutes before using

**Grilling your T-Bone**
Thick-cut steaks need to be at room temperature before grilling or cooking. Ensure your meat is well-rested outside the fridge for at least an hour before cooking.

On a hot grill, place your steak with the T side of the bone flat on the grill. Cook on the bone side for at least 2-3 minutes to cook your steak more evenly. Now turn and cook for 2 minutes on each side, turning only once. Remove from the heat and let it rest for 4-5 minutes. Depending on your thickness, your steak should be rare to medium rare.



**Slicing your T -Bone**
Remove the sirloin (larger piece) from the T Bone by slicing against the bone straight down. Do the same at the bottom by the T side. Make sure to cut as close to the bone as possible. Now do the same for the fillet (small piece) side. Slice the sirloin and fillet, respectively, into thin slices.

Place the clean t-bone flat in the middle of your platter and arrange the sirloin and fillet back on the platter, almost like carpaccio.

Drizzle with soya mayonnaise and garnish with chives and toasted sesame seeds.

# Ngwathe Amnestietyd loop uit

"Verbruikers wat nog gebruik wil maak van Ngwathe Munisipaliteit se huidige amnestievergunnings sal moet opskud", sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Daar geld tans twee tipes amnestie wat beide verval op 30 Junie 2023.

Die eerste behels die afskrywing van 40% van agterstallige skuld indien die verbruiker die oorblywende 60% eenmalig betaal. Aansoek vir die amnestie moet formeel gedoen word op 'n voorgeskrewe vorm wat by munisipale kantore beskikbaar is. "Vorms is ook by my kantoor beskikbaar", sê raadslid Van der Merwe verder.

Die tweede behels die vrystelling van boete wanneer 'n verbruiker met 'n gebrugde meter self die meter rapporteer sodat dit vervang kan word. Aansoek moet ewe-eens formeel gedoen word op 'n voorgeskrewe vorm wat by munisipale kantore beskikbaar is. "Die munisipaliteit beplan 'n omvattende oudit van kragmeters sodra die amnestieperiode verstryk het en verbruikers wat na verstryking daarvan gevang word met 'n gebrugde meter kan streng optrede, wat die staking van toevoer totdat alle skuld en boetes betaal is insluit, verwag. Diesulke verbruikers word dus aangemoedig om die geleentheid te gebruik.

# Pensioenarisse moet onthou!

"Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2023 begin, moet onthou dat aansoeke vir die afslag gedoen moet word voor 31 Augustus 2023", sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Om te kwalifiseer moet die applikant eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R9 120,00 per maand. Kortings word as volg op inkomste bereken:

- R0,00 tot R4 700,00 per maand: 100%
- R4 701,00 tot R5 400 per maand: 60%
- R5 401,00 tot R 8 370,00 per maand: 30%
- R8 371,00 tot R 9 120,00 per maand:15%

Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore beskikbaar en aansoeke kan vanaf 1 Julie 2023 ingedien word. "Pensioenarisse word versoek om vroegtydig hul aansoeke in duplikaat voor te berei sodat hulle 'n ontvangserkennning op die duplikaat kan laat aanbring wanneer die aansoek ingedien word", beveel raadslid Van der Merwe aan.

# Openbare nie-winsoogmerk organisasies moet nou gereedmaak

"Instansies soos Ouetehuise, welsyns-, kulturele-, sport- en ander nie-winsbejag organisasies moet kennis neem dat hulle volgens munisipale belastingwette verplig is om erfbelasting te betaal, maar wel ook kan aansoek doen vir kortings ten aansien van betaling daarvan", sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Skriftelike aansoeke moet na 30 Junie 2023, maar voor 31 Augustus 2023 by die munisipaliteit ingedien word om in aanmerking te kom vir kortings vir die finansiële jaar wat op 1 Julie 2023 begin.

Aansoekvorms is by die munisipale kantore beskikbaar. Applikante moet verkieslik hul aansoeke in duplikaat voorberei en 'n afskrif deur die munisipaliteit laat stempel wanneer dit ingedien word as bewys van ontvangs daarvan. Applikante moet beskik oor 'n Sertifikaat van die SAID wat bevestig dat die instansie aldaar geregistreer is vir vrystelling van betaling van inkomstebelasting voordat die instansie vir korting op erfbelasting sal kwalifiseer. 'n Afskrif van die belastingvrystellingsertifikaat moet by die aansoek aangeheg word.

**VADERSDAG SONDAG 18 JUNIE**







# DA-tak skenk skoolskoene



*Die DA-tak van Heilbron het onlangs verskeie skole besoek, waar hulle skoolskoene aan leerlinge uitgedeel het.*

# Phitshana school is "proud" of achievement



*The following three learners have made their school proud in the x-country this year. They have obtained gold and silver medals as well as certificates. A big thank you goes out to their trainers who assisted each in achieving this. On the photo: Learner with certificate Moloedi Relebohile, Bronze Matume Boitumelo, Gold Matla Karabo Teachers from right Me Sibongele Masoka, Mr Tsotetsi, Me Sejake M.L, Mr PD Malinga and Mpho Leemisa.*

# Beesboere leer meer op Gottenburg Beesdag




*Op die foto vl: Jannie Bornman ( O/Voorsitter van Gottenburg Boerevereniging) en Gerrit Viljoen (Voorsitter van Gottenburg Boerevereniging).*

Gottenburg Beesdag, wat op 31 Mei by die Gottenburgsaal plaasgevind het, was 'n gulde geleentheid vir beesboere om meer kennis op te doen. Ongeveer 150 boere het die dag bygewoon. Alhoewel die oorspronklike spreker, Dewald Olivier, nie teenwoordig kon wees nie, is hy deur Kobus Bester (Simbra Ras-direkteur) vervang wat belangrike inligting met die boere gedeel het.

Bester het die boere toegespreek oor die veranderinge wat hulle moet aanbring om 'n suksesvolle toekoms in beesboerdery te verseker. Hy het beklemtoon dat die implementering van nuwe metodes en benaderings noodsaaklik is vir beter resultate. Die boere is aangemoedig om oop te wees vir nuwe idees en tegnologieë wat sal bydra tot 'n verbeterde beesboerderypraktyk.

Willem Volschenk van Molatek, 'n bekende spesialis in beesvoeding en -sorg, het ook 'n bydrae gelewer deur waardevolle inligting oor beesboerdery met die boere te deel. Hy het verskillende aspekte aangeraak, insluitend die belangrikheid van die korrekte voeding, strukturele korrektheid en gesondheidsorg vir die bees. Volschenk het beklemtoon dat die implementering van die regte voedingsriglyne en sorgpraktyke 'n direkte impak op die algehele produktiwiteit van die beesplaas sal hê.

Een van die hoogtepunte van die dag was die demonstrasie van 'n ID-skanderingstelsel vir bees. Die boere is ingelig oor die nuutste tegnologie wat beskikbaar is vir die identifisering en opvolging van individuele beeste. Hierdie skanderingstegnologie bied praktiese voordele vir die boere, insluitend die vinnige en akkurate identifisering van beeste, sowel as die bestuur van hul mediese geskiedenis en prestasie-inligting.

Die dag het afgesluit met 'n heerlike spitbraai waar die boere die geleentheid gehad het om mekaar te ontmoet, ervarings te deel en netwerkgeleenthede te benut. Dit was 'n geleentheid vir sosiale interaksie en gemeenskapsbou onder die boeregemeenskap.

Gottenburg Beesdag was 'n suksesvolle en insiggewende geleentheid vir die boere wat teenwoordig was. Dit het hulle toegerus met nuwe kennis en inligting om beter besluite te neem in hul beesboerderypraktyke. Hierdie soort geleenthede is noodsaaklik vir die voortdurende groei en verbetering van die beesboerderybedryf, en dit blyk dat die boere dit ten volle benut.




# Noord-Vrystaat uitspeelwedstryde



*Op die foto vl: Tracy Jacobs en Ellie van Coller.*

Nou ja, die afgelope naweek het die rolbalklub se 4 spanne wat deurgedring het na die NVS uitspeelwedstryde, hulle spiere gaan bult teen die ander sub-distrik wenners.

Eish! Waar begin ek? Saterdag speel ons twee damesspanne op Welkom se bane. Sonja en Petro verloor die eerste wedstryd. Die tweede wedstryd eindig gelykop, maar verloor die derde wedstryd met 3 punte gedurende 'n koue namiddag.

Ellie en Tracy speel die bane aan die brand en wen al drie wedstryde. Met uitstekende rolbal, kry hul selfs 7 skote tydens een kop, maar waar was die 8ste bal vir die versekeringsuitbetaling? Maar nou ja, ons kla nie, want ons weet waartoe hulle twee in staat is en Sondag se semi-finaal lê en wag.

By Roversklub het Johnnie en Willie hul bes probeer, maar verloor ook die eerste wedstryd. Tweede wedstryd gelykop en verloor ook hul derde wedstryd met 3 punte! Miskien het hulle by Sonja en Petro afgekyk!

Rudi en TL maak die pap dik aan om deur te dring na Sondag se semi-finaal.

Maar helaas soos enige ander sportsoort, het rolbal ook maar sy nukkerigheid. Sondagoggend wou dinge nie reg loop vir Rudi en TL nie en kon hulle ongelukkig nie deurdring na die finaal nie.

Ellie en Tracy het voortgebou op Saterdag se goeie spel, maar moes ongelukkig die knie buig tydens die finale wedstryd. Goeie rolbal deur al die spelers, dit het die winterkoue darem meer draaglik gemaak.

Komende Vrydag sal Rudi en Tracy te sien wees op Sasolburg se rolbalbane, waar hulle deelneem aan die gemengde pare-kompetisie.

Hierdie wedstryde word lewendig uitgesaai (stream) gedurende die drie dae van die kompetisie, 15, 16 en 17 Junie. Uitsendings begin elke oggend om 8h45.





# Vasvra-dag vir Huppel Trippel

Kyk 'n bietjie hoe sou jy gevaar het met die vrae wat die HT Klub-lede moes beantwoord... Hoe diep is die diepste plek in die see? Wie het die meeste bene in hulle lyf: 'n pasgebore baba of 'n volwasse persoon? Watter taal word die meeste in SA gepraat? Wie was die goeie gasvrou - Marta of Maria? Hoe lank was 'n jaart en 'n el? Daar was 40 vrae waar hierdie vandaan kom. En net 2 kon nie beantwoord word nie! (Dit maak dit darem aansienlik makliker as 15 of 20 breine kan dink om 'n vraag te beantwoord). Op 20 Junie is daar 'n ligte musiek-trivia wat opgedis gaan word saam met sop en sjerrie om die ergste winterkoue te besweer.

# KENNISGEWINGS DIENSTE - DIENSTE -DIENSTE SMALLS

Vorm JJJ

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepaling van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T24122/2006** gepasseer deur die **EKSEKUTRISE IN DIE BOEDEL VAN WYLE BETTY MOKHOANTLE (voorheen Motsiri),** ten gunste van **Hendrik Lodewykus Slabbert, Identiteitsnommer 610308 5042 089 en Hanolene Slabbert, Identiteitsnommer 610304 0087 088,** getroud binne gemeenskap van goed met mekaar, ten aansien van sekere:
ERF 484, Heilbron distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat.
Groot: 1874 (EEN DUISEND AGT HONDERD VIER EN SEWENTIG) Vierkante meter wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 13de dag van Junie 2023.

**(GET) PP VAN DER MERWE**
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**ELSSTRAAT 42, HEILBRON, 9650**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2041**

HAPPY FATHERS DAY! Sunday 18 June

## DöHNE OOIE TE KOOP

200 Döhne ooie te koop.
Geen ou ooie.
Loop 3 maande al by Döhne ramme.
52 jong ooitjies.
Amper reg vir ramme.
**Kontak 082 671 2123**

## BETREKKING

**Benodig die dienste vir versorging van bejaarde egpaar in Heilbron. Verpleegkundige ondervinding sal voorkeur geniet. Inwoning is 'n vereiste.**

Stuur CV na bbbabattoir@skysat.co.za of skakel Ellouise Breitenbach 082 413 5961 vir afspraak.

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Hannalie Claassen 079 040 0531**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




Suzie's Fashion House
(ou CVO skool)
Klaskamer 1
Heilbron
***Besoek ons vir die maak van enige klere & alterasies - baie netjies.***







## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R




## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# HERALD Sport


**BKB**
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 19 JUNIE 2023**
DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 20 JUNIE 2023**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

VREDE: WICAR BOERDERY BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Swartfontein
Kontak Willem Cilliers 083 524 0506

**WOENSDAG - 21 JUNIE 2023**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

STANDERTON: MEYERSVLEI BONSMARA 7de Produksieveiling
11:00, plaas Meyersvlei
Kontak Tielie Crawfort 082 331 2038

VILJOENSKROON: NIEKERKSRUST SAVM STOET 62ste Produksieveiling
11:00, Niekerksrust
Kontak Danie de Wet 082 778 4537

**DONDERDAG - 22 JUNIE 2023**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 23 JUNIE 2023**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

GROOTPAN LANDGOED (EDMS) BPK
522 ha Plase te koop
11:00, NWK Koöperasie
Kontak Braam Hendriks 082 804 8079

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



Dr Nthabiseng Matla
PR 0955566
068 596 2426 | 067 931 3542
DR NTHABISENG MATLA
HEALTH & WELLNESS CENTRE

Services Provided:
- Diagnosis and management of Acute and chronic conditions: Adults and children
- Antenatal and Post natal Care
- Women's health : PAP smears, Breast Examinations, Family Planning
- Immunizations and baby wellness services
- Men's health : circumcisions and Prostate screening
- Medical Reports and PDPs
- IV Vitamin Therapy
- Mental health and Counseling services
- Life and corporate coaching: (individual and group sessions)
- Contact and online sessions for all services
- We also do House calls on request

SCHOOL, WORK AND FAMILY CAN MAKE IT HARD FOR YOU TO FIND TIME FOR A DOCTOR. WE UNDERSTAND AND YOUR HEALTH IS IMPORTANT TO US

Dr. Matla dr_matlan


# Gholfdag 'n reuse sukses

Hoërskool Heilbron het Saterdag 10 Junie 'n triomfantlike gholfdag aangebied ten spyte van die ysige koue op daardie dag. Daar was 'n totaal van 70 spelers van oraloor wat vir hierdie besondere geleentheid ingeskryf het.

Een van die mees noemenswaardige prestasies van die dag was die spel van Simon Malgas en sy seun, sowel as diè van van Julyan Bruyns en spanmaat Johan Weilbach, asook die span van Vian Leeb en Herman Crous. Diè drie spanne het saam 'n eerste plek behaal met elk 'n verbasende identiese netto telling van 54. Hierdie ongewone situasie het egter tot 'n uittel gelei om die uiteindelike wenners te bepaal.

Met behulp van die uittel is Simon en sy seun uiteindelik as die wenners van die dag aangewys. Hul indrukwekkende prestasie het aan hulle die eerste plek besorg. Vian en Herman het die tweede plek verower, terwyl Julyan en Johan die derde plek beklee het. Dit was 'n intense kompetisie en al drie spanne het uitstekende gholfvaardighede gedemonstreer. Die dag is gekenmerk deur opwinding, mededingende spel en kameraadskap. Te danke aan Hoërskool Heilbron wat die platform gebied het kon die gholfentoesiaste hulle beste spel lewer en was die dag 'n reuse sukses.



*Op die foto vl: Hennie Bezuidenhout, Simon Malgas en seun en Willie Erasmus.*


Solar Vibe & Raap en Skraap
SPOT THE DOT
1 Julie 2023
Koop enige iets ter waarde van R100 by Solar Vibe of Raap en Skraap en kry 'n gratis lamrolletjie
Indien 'n item in jou mandjie 'n goue sticker op geplak het, KRY JY DIT GRATIS!
47 Cilliersstraat, Heilbron


# Heilbron Duiweklub Nuus



Saterdag se wedvlug vanaf Toms Place het in baie mooi weer plaasgevind en kon die duiwe vinnig vlieg.

In die jaaroud wedvlug het Damie Stemmett gewen met 'n spoed van 1434.9414 meter per minuut.

Die ope wedvlug is gewen deur Zenith A met 'n spoed van 1470.4973 meter per minuut oor die afstand van 295 kilometer.

**TOMS PLACE JAAROUD**

1. Stemmett Hokke, 2. Zenith B, 3. Zenith A, 4. F Viviers, 5. Stemmett Hokke, 6. Stemmett Hokke, 7. Stemmett Hokke, 8. F Viviers, 9. Stemmett Hokke, 10. Zenith A.

**TOMS PLACE OPE**

1. Zenith A, Zenith B, 3. F Viviers, 4. F Viviers, 5. F Viviers, 6. F Viviers, 7. Stemmett Hokke, 8. Zenith A, 9. Zenith B, 10. Zenith B.


Vakante Betrekking
CH Tombstones & Granite Works
**Ontvangs- en Verkoopspersoon benodig:**
- Goeie mensekennis
- 3 Jaar ondervinding
- Toepaslike kennis van rekenaar en rekenaarprogramme.
- Netjies, vriendelik en stiptelik
- Afrikaans en Engels vaardig wees (lees, skryf en praat).
- Moet onafhanklik kan funksioneer en probleme oplos.
- Minimum skoolvereiste: Graad 12

E-Pos asseblief volledige CV na:
admin@chtombstones.co.za
Aansoek sluit 23 Junie 2023.



EST. 2021
OJ'S
ON LONGMARKET
058 852 1319
BESIGHEIDSURE
Ma-Di: Gesluit
Wo-Sa: 10:00 - 21:00
So: 10:00 - 17:00
AARTAPPEL & PREI SOP!
Hoofgereg @ R138.99 | Starter @ R58.99